LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 6/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Besef ons die waarde van lag?

Besef ons die waarde van lag, nie lag vir ander om hulle te laat sleg voel nie, maar net lekker lag. Daar is duisende verskillende tale, maar lag is universieel. Babas kan lag voordat hulle kan praat. Kry nie almal van ons 'n glimlag op ons gesig as ons 'n baba hoor of sien lag nie? Kleuters lag ongeveer 3000 keer per dag en volwassenes maar net 15 keer. Waar het alles verkeerd gegaan? Die navorsing wat gedoen is rondom die gesondheidsvoordele van lag is verstommend. Hoekom sal ons as mens dan steeds die besluit neem om minder te lag? Om vriendelik te wees en te lag is 'n ingesteldheid, dit is 'n doelbewuste keuse wat gemaak kan word. Die vraag is, sien ons nog die humor in klein dingetjies raak? Sien ons nog die mooi dinge raak wat ons laat lag of 'n glimlag op ons gesig plaas? Ons moenie ligsinnig wees nie, maar vreugde en vriendelikheid is deel van die vrug van die Gees. Om heeldag nors en kwaai te wees is ook 'n keuse. Ware vreugde is 'n keuse wat gemaak word, ons kan nie ons omstandighede blameer vir ons gebrek om vreugde te ervaar nie. Met hierdie in gedagte besef ons ook dat daar mense is wat in moelike omstandighede is, wat dit moeiliker vind. Maak die doelbewuste keuse om meer te lag, vriendeliker te wees en met so 'n ingesteldheid maak ons, sonder dat ons weet, 'n verskil in ander se lewe, miskien het iemand net vir jou glimlag gewag vandag.

## Goegieland

Eerstens wil ons 'n ernstige beroep op u doen om seker te maak dat u al u kontakbesonderhede op datum hou in geval van nood. Maak asseblief seker dat Juffrou altyd weet van enige siektetoestande wat maats het bv. asma of epilepsie.

Baie dankie vir u moeite met ons tweede pretdag "Beeld 'n sport uit". Ons is opgewonde om hierdie toekomstige sportsterre te sien ontwikkel.

Laastens nooi ons u hartlik uit om op 28 Februarie 2025 ons jaarlikse Goegiespele te kom bywoon. Bring gerus vir oupa en ouma saam, ingang is gratis. Daar sal ook stalletjies beskikbaar wees vir eet- en drinkgoed. Ons begin stiptelik om 14:00. Ons sien baie uit daarna om u te ontvang op die A-Rugbyveld. Onthou asseblief dat ouers kleuters self na die veld vergesel. Naskool maats word nie deur die naskoolpersoneel na die veld geneem nie.

Groete uit Goegieland

## Week se Program

### 25 Februarie 2025

- Studiemetodes - Gr. 4-Ouers

### 27 Februarie 2025

- Toets: NW
- Rugby vs LS Standerton (weg)

### 28 Februarie 2025

- Goegiespele
- Skaakproewe - vir almal wat belangstel

### 1 Maart 2025

- Netbal o/11 tot o/13 A & B te HS Oosterland

### 24 & 25 Februarie 2025

- Klein-Maar-Getrain

## English Day

Dress up as your letter with flair,
March 7th, English Day is there
A for Astronaut
B for Bear
C for Cat
and more to share
Grades 1 to 7
come and play
Learn and celebrate in a fun way!




## Skaak

Skaakproewe vind volgende week plaas op Vrydag, 29 Februarie 2025 in die skoolsaal vanaf 14:00 tot ongeveer 17:30. Leerders mag met gewone klere kom, dit is nie nodig vir skooldrag nie. Onthou asseblief om ‘n kospakkie en water in te pak - dit kan ‘n lang dag raak. Leerders moet asseblief so spoedig moontlik ‘n inskrywingsvorm afhaal by enige skaakafrigter. Geen skeurstrokie - geen deelname. Geboortesertifikate is noodsaaklik. Indien u kind graag wil deelneem aan die skaaktoernooie is dit van uiterste belang dat u kind by die proewe sal wees. Indien u nie ‘n geldige verskoning of doktersbrief inhandig nie, kan u kind nie in aanmerking kom om in ‘n span opgeneem te word nie. Proewe is slegs vir leerders wat reeds ‘n goeie idee het oor hoe om skaak te speel, dit is nie vir die Beginnersgroep nie.

# Atletiek Munisipaal

Baie geluk aan die volgende atlete wat podiumplekke behaal het tydens die Munisipale Atletiekbyeenkoms wat plaasgevind het op Saterdag, 15 Februarie 2025.




**o/10**

| | | |
|---|---|---|
| Charlize Labuschagne | - | 1ste 1200m |
| Lea Cronjé | - | 3de 70mH |
| Ben Paul Botha | - | 2de Gewigstoot |

**o/11**

| | | |
|---|---|---|
| Emma du Plessis | - | 1ste 1200m |
| Mia Munnik | - | 3de 70mH |
| Linay Hartzer | - | 2de Verspring |
| | - | 3de Hoogspring |
| Lucan Lessing | - | 3de 1200m |
| | - | 3de 70mH |
| | - | 3de 80m |
| Jason Stratford | - | 1ste Gewigstoot |
| | - | 1ste Verspring |
| AJ van der Merwe | - | 3de Gewigstoot |

**o/12**

| | | |
|---|---|---|
| Mieke Erasmus | - | 1ste Hoogspring |
| Cayleigh Cooper | - | 2de 150mH |
| Elzané Potgieter | - | 3de Gewigstoot |
| Daantjie Lesch | - | 1ste 1200m |
| Jeandré Oosthuizen | - | 1ste Diskus |
| | - | 1ste Gewigstoot |
| Jayden Ferreira | - | 2de 75mH |
| | - | 3de 150m |
| CJ Meyer | - | 2de Spiesgooi |

**o/13**

| | | |
|---|---|---|
| Izanie Ferguson | - | 1ste 1500m |
| | - | 3de 200m |
| | - | 2de 800m |
| Nicole Potgieter | - | 3de Spiesgooi |
| Kaylie Serfontein | - | 1ste Gewigstoot |
| Mienke Visser | - | 3de Gewigstoot |
| | - | 2de Diskus |
| Willie-Uys Jv Rensburg | - | 2de 1500m |
| Juan Wels | - | 1ste 80mH |
| | - | 2de 200mH |
| | - | 3de Gewigstoot |




| 24 Feb | 25 Feb | 26 Feb | 27 Feb | 28 Feb | 1 Mrt | 2 Mrt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Toerien Bismarck<br>Mia Munnik<br>Jacques Toerien<br>Anika Nolan | Alicia Cronje | Daryl Petzer<br>Laila Bellingan<br>Johan Fourie<br>Telisha Muller | | Alex Herbst<br>Ayden Cooper<br>Shon-D Coetzer | Ian Jacobs<br>Luka Breytenbach<br>Zandilie Rudolph<br>Wallie Odendaal<br>JJ Grabie | |

## Rugby

Ons rugbymanne is hard aan die werk en ons seisoen is in volle swang. Ons 1ste span het die week deelgeneem aan 'n aandreeks wat HS Secunda aangebied het. Dit het baie goed gegaan. Ons het ons 1ste wedstryd teen LS Standerton met 39-0 gewen en teen LS Kruinpark met 17-0 gewen. Ons is trots op ons seuns en afrigters vir die mooi prestasie.

## Wildeklawer Toernooi 2025

Ons o/13A-netbalspan is weer uitgenooi na die Wildeklawer Toernooi in Kimberley. Ons is so dankbaar vir die groot voorreg! Die dogters gaan reeds toer by Menlopark Hoërskool in April, daarom het ons dit goed gedink om 'n fondsinsameling te hou vir die dogters. Kom eet by Moo Moo's of Ocean Basket op 27 Februarie 2025. Nie seker waar om te sit nie? Julle kan by Moo Moo's sit en ook by Ocean Basket bestel, vice versa. Kom eet uit vir ń goeie “doel”!




## Rainbow Rush

Dis weer tyd vir een van Goedehoop se hoogtepunte vir die jaar! Die RAINBOW RUSH! Dagboek die datum...26 Maart 2025 te LS Goedehoop!! Of jy nou 3 jaar tot 99 jaar oud is... kom deel in die pret! Kom loop, kom hardloop, kruip as jy moet, maar die pret moet jy nie mis nie!!! Volg die skakel om in te skryf. Sien jou daar!!

**Die Skakel!** → **Rainbow Rush**




Goedehoop-Groete
Mnr Gawie van Niekerk
Prinsipaal



CONCRETE 360 READY MIX

Erasmus Steelworks & Construction

JTOOL (Pty) Ltd

GCS EARTHMOVING

OMI Group
Staffing & Training solutions

SO TRAN TRADING

SK Est. 1977
SECUNDA KOSMOS
PHARMACY GROUP

ERMELO, BETHAL, SECUNDA
MIDDELBURG, WITBANK, STANDERTON
TOTALLYGAS
086 100 5167

MoorGate
INDUSTRIAL SERVICES (PTY) Ltd

EST. 2021
MUD & TRACK
Best Life is a Full Tank

SIBUMBENE SIYAKHA
EARTHWORKS & CIVILS

STEALTH CONSTRUCTION

EST. 2017
ZERO2UP
TRADING

HAPPY HENS
farm fresh | free range | pasture raised eggs
Jeanine de Vos 082 973 0152

TW GROUP
Civils & Earthmoving

# Knipmesbraai
## Borge

# Dankie!

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

#kindersmethoop